‘n Brief van Danie en Esther van Niekerk van Masedonië

(kinders van Jacob en Riëtte van der Merwe)

Dagsê,
Gedurende die Julie-vakansie het daar ‘n span van Suid-Afrika vir ons kom besoek. Dit was ‘n groot voorreg vir ons as familie om die kultuur, uitdagings en ons bediening aan hulle bekend te stel. Ons kry beslis nie dikwels besoekers vanuit Potchefstroom nie. God het ons gelei om die *Ekballō Challenge* benadering (lees meer hieroor by https://world-outreach.com/ekballo/) met hulle te volg en dit was vir talle lewensveranderend --- twee jongmense het die roeping gekry om in Masedonië te kom werk!

Ons is dankbaar en verheug en glo dat ons hulle gou hier sal kan verwelkom. Gedurende die tyd wat hulle hier gekuier het, het ons ook nader aan die middestad van Skopje getrek en die span het ons baie gehelp met die regmaak van die huis en die verhuising. Sonder hulle hulp sou ons tuisskool-klaskamer seker nou nog toegepak gewees het onder bokse en apparaat! Ons vertrou ons sien gou weer spanne uit Suid-Afrika!

Ons is tans in Chiang Mai, Thailand vir World Outreach se driejaarlikse beraad wat 20 Julie begin het. Ons het ‘n paar dae vroeër gekom om te akklimatiseer en aan te pas. Met ons vier kinders is dit ‘n uitdaging! Dit is ‘n voorreg om saam met mede-veldwerkers en vriende te luister na waarmee God besig is in hulle lewens en werksterreine. Dit gee ons ook die geleentheid om interaktief met die leiers en ander werkers van World Outreach te verkeer en te hoor wat die organisasie se strategie is en hoe ons kan meehelp om hul doel te verwesenlik. Ons almal wil God se droom vir ons verwerklik.

Gebedsversoeke:

- Dank God dat Hy voorsien het dat ons na Thailand kon reis.
- Dank God dat Hy ‘n wonder laat plaasvind het dat ons Chereni se visum en paspoort vir die Thaise reis in Ankara Turkye kon kry.
- Vra God dat ons leerbaar en nederig voor Hom sal wees en goeie getuies vir Hom sal wees.
- Vra God vir rustigheid by die kinders.
- Bid in besonder vir die twee Potchefstromers wat beplan om Masedonië toe te kom om in Sy diens te staan.

Dankie vir jul ondersteuning!
Danie en Esther van Niekerk